

**8 Julie**

**1 Tessalonisense 5:14-28 (5:16-18)**

***Die Here verwag van ons 'n besondere lewenstyl***

Die Here gee één opdrag, maar een met drie fasette naamlik: blydschap, gebed en dankbaarheid. Die volle opdrag lui so: "Wees altyd bly. Bid gedurig. Wees in alle omstandighede dankbaar".

So 'n gesteldheid behoort kenmerkend te wees van u en my lewe. 'n Ongelowige staan magteloos. Met hierdie opdrag kan hy of sy niks doen nie. Bybelse blydschap is immers 'n vrug van die Heilige Gees wat Hy in ons hart uitstort. 'n Mens kan ook slegs gereeld bid en dankbaar wees as die Here deur sy Gees in jou woon. Die Here God self is die bron van ons blydschap, daarom hang ons blydschap nie af van omstandighede nie, maar ons is altyd bly - ook wanneer dit sleg gaan met my. Lees gerus Habbakuk 3 se "nogtans"-belydenis! Is jy altyd opreg bly, ook ondanks beproewings? (vgl. Jak 1:2-4).

Bid gedurig, dus gereeld. Maak dit 'n prioriteit in jou lewe, want gebed is die senuwees van ons geloofslawe. Deur gebed ontvang ons krag om blymoedig te lewe, om vrede en blydschap te ondervind, al gaan dit hoe swaar met ons. Hoe meer jy bid hoe meer ervaar jy ook die band van liefde met jou God. 'n Mens wat altyd bly en vriendelik is en gereeld bid is ook 'n dankbare mens. Jy gehoorsaam die eis: "wees in alle omstandighede dankbaar". Let op: "in" en nie "oor" nie, dit wil sê in, onder of ondanks omstandighede bly jy dankbaar. Wie verwag ons moet so lewe? Nie mense nie maar God self! Wees dan dankbaar omdat Hy alles oor ons lewe beskik, omdat Hy altyd by ons is en omdat Hy ons nooit in die steek sal laat nie!

Sing: Psalm 47:1, 4

Ds. J.H. Viljoen (Pretoria-Noord)